# GEMEENTEBULLETIN

**7 MEI 2021**

## EREDIENS: AANLYN EN IN DIE KERK

**Sondag 9 Mei 2021**

100 persone kan die eredienste in die kerkgebou bywoon en 20 persone die diens in die kapel. **Geen besprekings is nodig nie.** Eredienste is ook aanlyn op www.stellenberg.co.za, of die gemeente se YouTube-kanaal beskikbaar. Tee en koffie sal Sondag na die oggenddiens in die teetuin bedien word en na die familiediens sal tee en koffie in die markplein bedien word.

**Oggenddiens 08:30 in die kerk**

Ds. Marius Breytenbach (Span 4)

**Meditatiewe diens 09:00 in die kapel**

Ds. Callie Visagie

**Familiediens 09:30 in die kerk**

Ds. René Potgieter (Span 9)

**Relevantdiens 18:00 in die kerk**

Ds. Hanno Ackerman

## SOP VIR PINKSTER

Ons wil graag na die Pinksterdienste weer sop in die markplein bedien en benodig skenkings. Indien jy bereid is om 5 liter sop voor te berei en warm in 'n kastrol of opdienbak voor die diens in die markplein af te gee, kontak asb. vir Karin by 021 976 4519/karin@stellenberg.co.za

## NUWE UITGAWE VAN STELLENBERGER

Die nuutste uitgawe van die Stellenberger propvol gemeentenuus, is aanlyn op www.stellenberg.co.za beskikbaar, of harde kopieë kan in die voorportaal van die kerk, of by die kerkkantoor afgehaal word.


**KONTAK ONS**

021 976 4519

081 045 2428

navrae@stellenberg.co.za

www.stellenberg.co.za


**KERKKANTOOR**

Gesluit op Hemelvaartdag.

**ASEMSKEP-GEBEDSBYEENKOMS**

Elke Dinsdag om 18:30 in die kapel.

**DAAGLIKSE STEMBOODSKAPPE**

Indien jy graag na die daaglikse boodskap ('n stemopname deur leraars) op jou selfoon wil luister, stuur asb. 'n WhatsApp, of 'n Telegram-boodskap met jou *naam + van + stemboodskap* na 081 045 2428.

**DEUROFFER VANDAG**

Stellenberg-kosprojek

## ANNIBRAND (KATEGESE)

Annibrand Junior-groepe kom vanaf 10:15 tot 11:00 in die grootsaal bymekaar. Ons gaan voort met die *Amazing Race*. Senior kategese is na die Relevantdiens om 18:00.

## BELYDENISAFLEGGING

Die volgende jongmense gaan op Sondag 9 Mei belydenis van geloof aflê:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ackermann | Hendré | Lambrechts | Charl André |
| Beukes | Christiaan | Laurence | William James |
| Brown | Stephan | Malan | Alicia Loraine |
| Combrink | Ilanka | Marais | Tiaan |
| Conradie | Frederik Johannes | Niehaus | Lizaan |
| De Bruyn | Willem Andries | Oosthuizen | Tiené |
| De Villiers | Anneri | Roets | Charlotte Maria |
| Du Pisani | Emma | Roos | Le Roux |
| Du Plessis | Cara Linda | Roux | Mieke |
| Du Plessis | Francois | Sander | Alida-Wiid |
| Du Plessis | Stefani | Smit | Hendrik Jacobus |
| Els | Zara | Van der Walt | Alex |
| Enslin | Scott Ethan | Van Niekerk | Chaney |
| Fourie | Hanell | Van Rensburg | Nicke |
| Galvin | Mariska | Van Tubbergh | Zani |
| Goosen | Neil | Visser | Anke |
| Havinga | Marnus | Weideman | Megan |
| Kilian | Thomas Christian | Wessels | Simoné |

### STELLENBERG ONDERSTEUNING-SENTRUM

SOS bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. Spraak- en arbeidsterapeute, 'n besigheids- en lewensafrigter, asook 'n musiekterapeut se dienste word aangebied. Maak gerus 'n afspraak by 021 976 8029 (09:00 tot 13:00) of stuur 'n e-pos na sos@stellenberg.co.za.

### KYK NA DIE EREDIENS OP JOU SELFOON

WhatsApp, of stuur 'n Telegramboodskap na 081 045 2428 met jou naam + van + aanlyn eredienste. Jy sal dan weekliks die skakel na die aanlyn diens per WhatsApp/Telegram op jou selfoon ontvang.

## 'N NUWE BYBELSKOOLREEKS BEGIN

Die Bybelskoolreeks bestaande uit twaalf sessies gaan die unieke boodskap van die Bybel se klein profete verken. Kom ontdek die wyse waarop Bybelboeke soos Hosea, Joël, Amos, Obadja, Jona, Miga, Nahum, Habakuk, Sefanja, Haggai, Sagaria en Maleagi vandag by ons leefwêreld aansluiting vind. Die reeks begin op 10 Mei 2021 met 'n algemene inleidingsessie, en sal daarna weekliks op Maandagaande om 19:00 – 20:30 in die kerkgebou aangebied word. Opnames van die aanbiedings sal die volgende dag op www.stellenberg.co.za beskikbaar wees. 'n Kort handleiding sal ook beskikbaar gestel word.

Aanbieder: Ds. Marius Breytenbach. Kursusgeld: 'n Donasie van R40.

Bespreek jou plek by Karin Barter 021 9764519 of karin@stellenberg.co.za.

## MET LEEDWESE

Ons neem afskeid van:

- Maria Johanna (Mimmie) Carstens (31/01/1936 - 29/04/2021). Mimmie was 'n orrelis in die gemeente en 'n meelewende lidmaat sedert 1974. Haar roudiens was op Donderdag 6 Mei om 15:00 in die kerk. Ons opregte meegevoel met haar kinders en kleinkinders wat sy agterlaat. Haar dogter, Marietjie Olivier, asook seuns Chris en Fanie Carstens is ook lidmate van die gemeente.
- Cornelius Johannes (Jerry) Ehlers (17/03/1939 - 30/04/2021). Hy was sedert 1987 'n meelewende lidmaat van die gemeente. Sy troosdiens is op Donderdag 6 Mei om 11:00 in die kerk gehou. Ons opregte meegevoel met sy vrou, Ria, kinders en kleinkinders wat hy agterlaat.
- Elizabeth Hendrika (Elsa) Steyn (28/02/1947 - 30/04/2021). Sy was sedert 1990 'n lidmaat van die gemeente. Haar gedenkdiens is op Maandag 10 Mei om 11:00 in die kerk. Ons opregte meegevoel met haar man, Sas, en kinders wat sy agterlaat.

### EDELWEISS HEMELVAARTDIENS

Donderdag 13 Mei 14:30

Geen Bybelstudie op 13 Mei.

### GEBEDSVERSOEKE

Gebedsversoeke kan aan ds. René Potgieter by 079 893 8104 gestuur word.

### BREIGROEP

Ontmoet op Maandag 7 Junie om 09:30 in die markplein. Kontak gerus vir Ria McMicken by 021 948 5456/ 083 519 0602.

## FINANSIËLE BYDRAES

Leraars en die kerkraad is opreg dankbaar teenoor lidmate wat die gemeente se werksaamhede finansieel ondersteun, te midde van die finansiële uitdagings wat die Covid-19-pandemie ook aan lidmate stel. Bydraes kan soos volg gemaak word:

### EFT-betaling

Dit kan oorbetaal word na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005.

### Kontantbydraes

Kan by die kerkkantoor inbetaal word, of in die beveiligde posbus op die kerkkantoor se stoep gegooi word.

### SnapScan

## BEROEPINGSPROSES

In 2022 tree twee van die gemeente se leraars af. Callie Visagie se dienstermyn eindig in Januarie en Why Duvenhage s'n in Julie. Slegs die vakature van ds. Callie Visagie se pos word gevul en die pos is reeds geadverteer. 'n Spesiale kerkraadsvergadering word teen einde Julie/Augustus beplan, waartydens 'n beroep uitgebring sal word. Diensaanvaarding is Februarie 2022. Lidmate wat graag 'n kandidaat wil nomineer, kan 'n e-pos aan lindy@stellenberg.co.za te stuur.

## HELPERS VIR SOP KOOK BENODIG

Help asseblief met die volgende:

- Kook sop tuis en gee dit in bevrore formaat op Donderdae deur die loop van die dag (voor 15:00 ) by die markplein af.
- 'n Persoon wat bereid is om op Donderdae die sop by die kokers in die omgewing te gaan haal en by die markplein af te lewer.
- Kontantbydraes vir die hande-en-rande-projek is ook welkom en kan na ABSA, tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005, oorbetaal word. Gebruik asb. "hande en rande" as verwysing.

Kontak asseblief vir Anéne Nortier 083 581 6930 indien jy kan help. Sy sal ook die sopresep aan jou verskaf.

### GEMEENTE-SELFOON

Die gemeente het nou 'n selfoonnommer

081 045 2428.

Navrae kan per WhatsApp of Telegramboodskap na dié nommer gestuur word.

### ELEKTRONIESE NUUS

Maak seker dat jy elektroniese nuus van die gemeente ontvang. Jy kan die bulletin, asook die skakel na die aanlyn eredienste weekliks per e-pos ontvang, asook die gemeente se maandelikse nuusblad, *Stellenberger*. Stuur jou e-posadres na sanel@stellenberg.co.za om op die verspreidingslys geplaas te word.

# PINKSTERPROGRAM

## Hemelvaartdiens 13 Mei 19:00 in die kerk |
## Prediker Ds. Why Duvenhage

## Aandprogram 16 tot 20 Mei 19:00 in die kerk |
## Prediker Ds. Why Duvenhage

**Laat u koninkryk kom**

- Sondagaand 16 Mei 19:00 | 'n Vreemde koninkryk aangekondig. (Matteus 4:4-17)
- Maandagaand 17 Mei 19:00 | Die koninkryk breek aan op 'n vreemde/onwaarskynlike plek, met 'n vreemde/onwaarskynlike koning en medewerkers. (Matteus 4:18-22)
- Dinsdagaand 18 Mei 19:00 | Die bergrede van Jesus – die manifes van hierdie koninkryk en paradoksale geluk. (Matteus 5:1-12)
- Woensdagaand 19 Mei 19:00 | Vreemdes wat die wêreld beïnvloed! (Matteus 5:13-16)
- Donderdagaand 20 Mei 19:00 | Die vreemde, maar kommervrye lewe wanneer God se koninkryk die prioriteit in jou lewe is. (Matteus 6:25-34)

## Oggendprogram 17 tot 19 Mei 10:00 in die kerk |
## Prediker Mike van Deventer

**Die Heilige Gees maak nuut. Matteus 5-7 (Die Bergrede)**

- Maandag 17 Mei 10:00 | Christene is ánders.
- Dinsdag 18 Mei 10:00 | Christene onderhou die Wet vir ander redes.
- Woensdag 19 Mei 10:00 | Christene se plek in die wêreld.

## Pinksterfees Sondag 23 Mei 08:30 in die kerk |
## Prediker Ds. Why Duvenhage

Die Heilige Gees in die koninkryk en kerk. (Handelinge 1:1-8)




## Kinderpinkster 16 tot 20 Mei 19:00 in die kleinsaal |
## Brenda Visser

## Jeugpinkster 16 tot 20 Mei 19:00 in die grootsaal |
## Ds. Hanno Ackerman